BEUKES TOERE

Program: Graaff-Reinet

9 – 11 November 2021

Dag 1: Vertrek vanaf **Mosselbaai** met nog oplaaipunte by Groot-Brakrivier en George. Ons ry oor die Outeniquaberge na Willomore waar ons 'n teestop maak. By **Aberdeen** besoek ons die N.G Kerk met pragtige kunswerke. Ons arriveer vroegmiddag by **Graaff-Reinet** waar ons TWEE NAGTE tuisgaan.

Dag 2: Na ontbyt vertrek ons na **Nieu-Bethesda** vir 'n paar interessante besoekpunte. Ons besoek die bekende **Uilhuis** asook die interessante Dinosaurus Museum. Daarna maak ons ook 'n draai by 'n plaaslike **bierbrouery**. Vanmiddag rus ons lekker en ry laat-middag uit na die **Vallei van Verlatenheid** waar ons met **skemerkelkie** in die hand die ongelooflike mooi uitsigte geniet.

Dag 3: Vanoggend besoek ons **Reinet Huis** waar Andrew Murray en sy gesin gewoon het. Die **NG Kerk**, sekerlik een van die mooistes in die land, is beslis ook 'n besoek werd. Ons besoek ook 'n **kaktuskwekery** voor ons huiswaarts keer.

Oplaaipunte en -tye word 'n week voor die toer bevestig

Ingesluit:
Ontbyt en aandete by oornagpunt, alle toegangsgelde, ervare gids, goeie akkommodasie, luukse vervoer vir maksimum 18 persone.

Uitgesluit:
Fooitjies, middagetes en drankies.

Prys:
R5 100 pp wat deel. R650 enkelbybetaling

Kontak:
Cronnie Beukes 078 894 0897 admin@beukes-toere.co.za